

Ononderhandelbaar

Dr Petrus Moolman

In vlak 1 Covid-19 afsondering, Oktober 2020

Woorde of uitdrukkings het gewoonlik 'n bepaalde konnotasie, of spesifieke verstaan wat daaraan geheg word. Dit maak dikwels die woord of segswyse vatbaar vir groot misverstand wanneer mens dit gebruik. Ek dink sommer maar willekeurig aan die woord "heilig", wat eintlik 'n baie belangrike woord in die Christelike woordeskat en verstaan van ons geloof is. Baie mense het 'n baie negatiewe verstaan van die woord. Vir hulle slaan die woord op iemand met 'n soort stralekransagtige geloofsopvatting, wat juis "onheilig" is. Volgens hierdie opvatting, is die persoon iemand wat nie net geestelik hoogmoedig is nie, maar selfs 'n hipokriet of juis *skyn-heilig* kan wees. Die persoon se lewe weerspieël niks van die stralekrans wat met bekende "heiliges" geassosieer word nie. Dit, terwyl die Bybelse woord heeltemal 'n ander betekenisinhoud het. Bybelse heiligheid is 'n volledige, toegewyde en baie doelgerigte geloofsingesteldheid wat beantwoord aan die spesifieke doel wat God met 'n gelowige se lewe het. 'n Sterk fokus op wie God wil hê ek vir Hom moet wees.

In my eie verstaan van die woord "onderhandelbaar", dui dié woord in 'n advertensie byvoorbeeld op 'n stukkie onsekerheid by die verkoper. Dit lyk of die verkoper byvoorbaat weet dat die verkoopprijs waarskynlik te hoog is en is bereid om 'n laer aanbod te aanvaar. Seker binne perke, maar die geadverteerde prijs is nie finaal nie. Jy hoef dus nie soos 'n kansvatter te voel as jy sommer uit die staanspoor 'n laer prijs aanbied nie. Die verkoper verwag dit. Die prijs is onderhandelbaar. Die gedagte van onderhandelbaarheid spoor nogal kansvatters aan om in alle geval te onderhandel, selfs al staan "onderhandelbaar" nie eers in die advertensie nie. Ek en my vrou het op 'n keer ons baie goeie klavier te koop aangebied. Ons het gewoon net nie plek in 'n kleiner huis gehad ná die groot pastorie waarin ons gewoon het toe ons dit aangeskaf het nie. Die eerste koper wat belanggestel het, maak toe sommer uit die staanspoor 'n heelwat laer aanbod. Ek moes hom ferm daarop wys dat die klavier nie te koop is omdat ons in finansiële nood verkeer het nie. Ons was dus nie

desperaat is om die eerste die beste prys te aanvaar nie. Vir ons was die prys nie onderhandelbaar nie. Ons het immers geweet wat die klavier gekos het en werd was.

In dieselfde gebruikslyn is die woord "insetprys" by 'n veiling. Met die kompeterende bieder mag die prys hoër gaan. Daaroor sal die verkoper én die afslaer dankbaar wees. Dit is waarop hulle hoop. Maar die insetprys mag nie laer as 'n vasgestelde bedrag wees nie. Daarvan word die voornemende kopers bewus gemaak. Is daar nie 'n bod teen die minimum insetprys nie, word die artikel aan die veiling onttrek.

Sommige dinge in die lewe is onderhandelbaar. Jy kan daaroor besluit en 'n lewensaanbieding daarvoor maak. Daarom dobbel sommige mense met hulle lewe. Hulle vermoëns, waardes, lewensingesteldheid, en daarmee somer hulle hele self, is onderhandelbaar. Ek aanvaar in die lewe wat in my rigting gekeer word. Daarom word sulke mense ook misbruik. Dikwels verneder. Hulle bied hulleself onderhandelbaar vir die wêreld aan. Hulle word goedkoop geag. My boere-ma sou maklik die woord "common" gebruik het. Wyd aanvaarbaar. Goedkoop. Sulke mense is nie betroubaar nie. Hulle fladder in die rigting van die wind.

Teenoor "onderhandelbaar" of "insetprys", is "ononderhandelbaar". Daar is net een prys. Dit kan selfs 'n hoër prys wees. Dit staan vas. Niks en niemand kan dit wysig of aanpas by hulle eie smake, voorkeure of verstaan nie. Dit loop daarom ook nie gevaar om misverstaan te word nie. Die waarde is alombekend. Sommige respekteer dit, ander sal dit nietemin probeer aanpas.

I. L. de Villiers het in sy bundel "Leitourgos" in sy gedig *Opwekkingsdiens*, aangetoon hoe mense soms die evangelie "onderhandelbaar" kan maak:

*Mikrofone, mense, pensklaviere en plakkaat
in die groot tent op die kaal perseel
waar Ackermans gesloop is:
Jesus Saves.
Die spreker uit Amerika*

*vee sweet af, drink 'n slukkie water,
sê: God praat met Afrika!
Amen! Halleluja!
'n Ou verkreukelde biljet
lê tussen stukke baksteen en sement:
Seeppoeier, broekie-kouse, goue stroop –
alles word word hier teen laer pryse
uitverkoop.*

Die Goeie Nuus is ononderhandelbaar. Die Prys was duur. Die feit dat dit gratis uitgedeel moet word, maak dit nie onderhandelbaar nie. Dit het ook nie 'n voorwaardelike insetprys nie. Die waarde daarvan is dat dit juis dalk nie noodwendig deur middel van swetende predikers en luidsprekers aangebied word nie. Die Goeie Nuus is voelbaar. Dit word gedeel in eenvoudige terme. Aan almal wat dit nodig het. Ononderhandelbaar. Sonder 'n insetprys, terme of voorwaardes. Liefde. Vreugde. Vrede. Geduld. Vriendelikheid. Goedhartigheid. Getrouheid. Nederigheid. Selfbeheersd.